Die geheim van pragtige vel

Met rooibos kan jy vir langer jonk en gesond lyk.

Rooibos is ryk aan anti-oksidante, alfahidroksisure, sink en 'n hele klomp ander voordelige stowwe en dis bekend daarvoor dat dit strelende, genesende en teenverouderingseienskappe het. Dit is dus geen wonder dat kosmetiekhuise regoor die wêreld dit in hul velsorg-reekse ingesluit het nie. Rooibos bied 'n heeltemal natuurlike formule wat vlekkelose, gesonde vel bevorder, terwyl dit ook jou vel beskerm teen omgewings-faktore wat dit voortydig laat verouder.

Hier is 'n paar natuurlike wenke om jou skoonheidsroetine te verbeter:

- Om jou vel lieflik vars te laat voel, was dit met koue of louwarm rooibostee, pleks van water.
- Spoel donker hare met sterk rooibostee af om dit pragtig te laat blink, of gebruik dit as 'n inlos-opknapper vir ligter hare om jou hare 'n rooierige skynsel te gee.
- Streel moeë, sensitiewe oë deur dit af te spoel met louwarm rooibostee, of vee liggies oor jou oë met 'n lappie wat in louwarm rooibostee geweek is. Of jy kan afgekoelde, gebruikte rooibos-teesakkies vir 'n paar minute op jou oë sit as dit moeg of rooi is.
- Probeer dié gesigmasker as jy sukkel met aknee: Voeg 'n halwe teelepel appel-asyn en twee teelepels hawermout by 'n koppie sterk rooibostee (dit moet redelik warm wees). As jy allergies is vir hawermout, gebruik 'n glutenvrye meel. Laat die mengsel afkoel tot dit louwarm is en wend dit dan oor jou gesig en nek aan. Sit terug en ontspan vir 15 minute. Spoel dit af met louwarm rooibostee en druk jou vel met 'n handdoek droog.
- As jou vel jeuk of brand, kan jy nadat jy gebad het jou vel afvee met 'n klam waslap wat in rooibostee gedoop is. Druk dan jou vel sagkens met 'n handdoek droog. Moenie jou vel vryf nie, want dit kan die gejeuk of gebrand vererger. Of, gooi 'n paar rooibosteesakkies by jou badwater om jou vel te help streel.
- As jy sukkel met ekseem, spoel die geaffekteerde areas met rooibostee af of wend dit met 'n stukkie watte aan. Dit behoort strelende verligting te bied.

Rooibos for Life
South African Rooibos Council

Foto: Gallo Images/gettyimages.com